**Julle wil tog seker nie ook weggaan nie?**

**Joh 6:41-71**

**18 Mei 2025**

1. Vantevore: Twee tekens – vermeerdering van die brood; Jesus wat op water loop. Lering oor die brood van die lewe: Grootste nood is geestelike doodsheid, Jesus is die ware brood wat lewe gee, Hy gee dit vir die wat glo na die Vader hulle vir die Seun gegee het, hulle ontvang die ewige lewe
2. Twee verdere leringe oor die brood van die lewe
    a. Wat gebeur wanneer die Vader iemand aan die Seun gee? (Joh 6:44-46)
        - Die Vader trek die persoon na die Seun – selektief en tog effektief (v44)
        - Die Vader trek deur te onderrig (v45, vgl Jes 54:13)
        - Die Vader onderrig deur die Heilige Gees en die Seun (Jer 31:33-34, Eseg 36:26-27, Joh 6:63, 1:18, 3:34) – gebaseer op feite
        - Implikasie vir evangelisasie: ons moet mense onderrig in samewerking met onderrig deur die Heilige Gees en die Seun
    b. Die ware brood is die liggaam van die Here Jesus (Joh 6:51-58)
        - Brood van die lewe = liggaam van die Here Jesus (v51, vgl Joh 1:14)
        - Jode kon nie begryp wat dit beteken nie (v52)
        - Om die ewige lewe te hê, moet iemand die liggaam van die Here Jesus eet en Sy bloed drink (v53-55)
        - Om ewige lewe te hê, moet iemand hom met Jesus as die Gekruisigde vereenselwig
        - Soos wat die Vader en die Seun een is, word die gelowige en die Seun ook een (v57)
        - Dwalings: (1) brood en wyn word by die nagmaal liggaam en bloed van Jesus, (2) deelname aan nagmaal gee ewige lewe
            - Vgl v 40 en 54: ewige lewe is vir diegene wat glo in Jesus as Gekruisigde – so innig glo asof hulle Sy liggaam eet en bloed drink
3. Die reaksie van die Jode (Joh 6:52-66)
    a. Die Jode mor oor: Hy uit die hemel sou neerdaal, hulle Sy liggaam moet eet, bloed moet drink – dit is te erg, hulle neem aanstoot en gaan weg (v41-42, 52, 60-61, 66)
    b. Nie voldoende om tekens en lering te geniet nie – moet by Jesus as Gekruisigde uitkom
    a. Noodsaaklik dat die Vader iemand trek – Hy trek deur onderrig en met vernuwing in harte – dan is dit logies om te kom
4. Die reaksie van die twaalf dissipels (Joh 6:67-71)
    a. Jesus vra: "Julle wil tog seker nie ook weggaan nie?" (v67)
    b. Petrus gee kosbare belydenis – want hy is deur die Vader getrek, ook deur die lering van die Here Jesus (v68)
    c. Maar Judas deel nie in Petrus se belydenis nie – want hy is nie deur die Vader getrek nie (v70-71)
    d. Dissipels het gebaat uit die beproewing op die see
        - Die Here leer ons tydens beproewings
        - Ons leer beter tydens beproewings